**13 Januarie 2014**

**Skrifgedeelte: Handelinge 12:1-25**
**Fokusgedeelte: Handelinge 12:23**

**God se eer op die spel**

Van die begin af glo mense die leuen dat ons soos God is of sal kan wees (Gen. 3:4). Sedertdien word mense vergoddelik: sporthelde (Oscar Pistorius?), politieke leiers (Nelson Mandela?), volkshelde ("Siener" van Rensburg?), popsangers (Justin Bieber?). Boonop laat mense hulle dit welgeval – ook vir jou is dit lekker om geprys te word!

In die vroeë geskiedenis van die Nuwe-Testamentiese kerk verneem ons van Herodes, die Romeinse goewerneur oor die Jode. Baie gesteld op sy eer, wou hy graag in mense se guns bly. God stuit egter sy eersoekery deur middel van engele. Dit het só gebeur:

- Herodes laat van Jesus se gemeentelede vang en mishandel, Jakobus, broer van Johannes, met die swaard doodmaak en Petrus in die tronk aanhou om hom later voor die volk te daag.
- Spoggerig spreek hy 'n vredesafvaardiging uit Tirus en Sidon toe. Kyk tog net sy klere en sy troon! Toe die mense egter skreeu: *"Dit is 'n god wat praat, nie 'n mens nie!"* het dinge te ver gegaan (vs 1-3, 20-22). Vir die tweede keer stuur God 'n engel om sý eer te herstel. En wat 'n vernedering vir die hooghartige Herodes om só te sterf, verteer deur wurms … (vgl. vs 7 en 23).

Punt is: God gryp in om sy kerk te bewaar en sy eer voor heidene te herstel. Dit doen Hy deur die eeue, tot vandag toe. Soms opsienbarend, soms ongemerk. Deur middel van woorde, wonder-bekerings, "natuurrampe" of "vreemde gebeure" (engele?).

Vraag is: Hoe blyk sy eer uit ú daaglikse lewenswyse?

Sing: Psalm 8 (1936)

Ds J Botha (Emeritus, Laeveld)